

**GRONDWET
van die
VERKENNERSBEWEGING
VAN
SUID-AFRIKA
(Soos Gewysig en Aanvaar
op 17 September 2005)**

INDEKS

1	1 NAAM	3
2	GRONDSLAG	3
3	WESE	3
4	KULTUURBESKOUIING vanuit die perspektief van die grondslag.	3
5	DOELSTELLINGS	4
6	TAAL	4
7	LIDMAATSKAP	5
8	LEUSE	5
9	VERKENNERSBEWEGING- WAPEN	5
10	SAMESTELLING VAN DIE BEWEGING	5
11	VERMOËNSREGTELIKE BEVOEGDHEDE	6
12	GESAGSVELD	9
13	NASIONALE KONGRES	9
14	PROVINSIALE KONGRES	10
15	STREEKSAAMTREKKE	11
16	KOMITEES	11
17	VERGADERINGS EN AKTIWITEITE	12
18	VERKENNERSRAAD	12
19	DAGBESTUUR VAN DIE RAAD	16
20	PROVINSIALE BESTUUR	16
21	DIE DAGBESTUUR VAN DIE PROVINSIALE BESTUUR	17
22	DIE BESTUURSAMESTELLING VAN POSTE	17
23	VERGADERINGS OF BYEENKOMSTE VAN POSTE	18
24	WERKSMETODE VAN POSTE	19
25	SENAATSKOMITEE	20
26	FINANSIES	21
27	LIDMAATSKAP	21
28	VERTREKKENDE LEDE	23
29	BEËIDIGING VAN LIDMAATSKAP	23
30	GELDIGHEID EN KONTINUÏTEIT VAN DIE GRONDWET	23
31	ONTBINDING OF AFTIGTING VAN 'N POS	24
32	ONTBINDING VAN DIE BEWEGING	24

GRONDWET VAN DIE VERKENNERSBEWEGING (soos gewysig 17 September 2005)

Die toekomstssiening van die Verkennersbeweging Is dat die Boere-Afrikanervolk as 'n onderskeibare, vrye volk sal voortbestaan om vir God 'n volk onder die volke en nasies te wees, deurdat die Boere-Afrikaner kulturele onafhanklikheid sal verkry en behou deur die herwinning, ontwikkeling en uitbouing van Boere-Afrikanervolkstrots en Boere-Afrikaneradel - onbeskroomd teenoor die volke en nasies, maar verootmoedig en dankbaar teenoor God Drie-enig.

2 NAAM

Die naam van die beweging is: DIE VERKENNERSBEWEGING VAN SUID-AFRIKA

3 GRONDSLAG

Die beweging berus op 'n Christelik-volkseie grondslag met erkenning van die oppergesag van die Drie-enige God en gehoorsaamheid aan die Bybel, as die onfeilbare Woord van God, wat vir ons sal dien as enigste norm en rigsgaander.

4 WESE

Die Verkennersbeweging is 'n outonome, a-politiese (*1) volkseie kultuurbeweging, deur Boere-Afrikaners, uit Boere-Afrikaners vir die Boere-Afrikanervolk (*2), gerig deur 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing tot 'n lewenswyse van eer aan God en diens, in die eerste plek aan die Boere-Afrikanervolk, dan die vaderland en ook die naaste as skepsel van God.

Bring bymekaar wat uit innerlike oortuiging bymekaar hoort. (Dr DF Malan

5 KULTUURBESKOUIING VANUIT DIE PERSPEKTIEF VAN DIE GRONDSLAG.

Kultuur is al die handeling van die mens wat hy doen in gehoorsaamheid aan God se kultuuroopdrag aan die mens. Gen 1: 28” Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit...” en Gen. 2:15: “ Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas.”

Dit is 'n positiewe, opbouende opdrag: bewerk en bewaar.

Dwaalkultuur is die handeling van die mens wat hy doen in ongehoorsaamheid aan en in stryd met God se kultuuroopdrag.

Volkskultuur is die handeling van die mense van 'n volk wat hulle doen in gehoorsaamheid aan die kultuuroopdrag van God, wat die betrokke volk onderskei van ander volke en wat die volk se lede onderling aanmekaar verbind.

Provinsies: - bedoelend Verkenner provinsie soos deur die Hoofraad daar gestel is.

6 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die beweging is:

- 6.1 Om die Christelike leefwyse met sy waardes en norme in die gemeenskap te bevorder en te beskerm.**
- 6.2 Om te streef en te ywer vir die handhawing en uitbouing van die Boere-Afrikaner se taal, kultuur, leefwyse, tradisies en identiteit;**
- 6.3 Om die trots van Boere-Afrikanerskap by die Boerevolk te bevorder en uit te bou.**
- 6.4 Om te ywer vir die behoud van die Boere-Afrikaner se regte en erfenis.**
- 6.5 Om Boere-Afrikanerbelange te alle tye en onvoorwaardelik in alles wat reg en billik is, eerste sal stel.**
- 6.6 Om te verken en as boodskapper uit te dra, enige aspek wat die Boere-Afrikaner raak en tot sy behoud en groei sal dien.**
- 6.7 Om sover binne vermoë, die Boere-Afrikanergemeenskap tot diens te wees.**
- 6.8 Om Verkennerposte landswyd te vestig en uit te bou,**

Samevatting.

Hierdie doelstellings kan saamgevat word in die wekroep:

Diens aan: My God!

My Volk!

My Land!

My Gemeenskap!

7 TAAL

Die amptelike en enigste taal van die beweging is Afrikaans.

8 LIDMAATSKAP

8.1 *Lidmaatskap sal, soos deur artikels 26 – 28 van hierdie Grondwet en verder soos per reglement bepaal, deur die Verkennersraad oorweeg word vir enige, maar alleen, Christen Boere-Afrikaner en wat andersins aan die lidmaatskap vereistes voldoen in ooreenstemming met die grondslag en wese van die BEWEGING.*

Lidmaatskap sal in besonder beperk wees tot Boere-Afrikaners wat:

8.2 *Die grondslag en doelstellings van die Verkennersbeweging hul eie gemaak het en dit sowel as die toekomssiening en kultuurbeskouing ten volle onderskryf; aan geen volksvreemde organisasie behoort nie en aan geen Afrikaanse of ander organisasie behoort wat op enige wyse die regte of identiteit van die Boere-Afrikaner aantas, verloën of vervreem nie.*

9 LEUSE

Die leuse van die Verkennersbeweging is:
Ek kan! Ek wil ! Ek Sal !

10 VERKENNERSBEWEGING- WAPEN

’n Geopende Bybel waarop ’n verkyker lê, voor ’n afbeelding van die bopunt van die suil van die Danie Theron gedenknaald, met die onderskrif “VERKENNERS”. Die buitelyne van die wapen bestaan uit ’n trapesium waarvan die langer sy die onder- en die korter sy die bo-buitelyne vorm. Die onderskrif is in ’n langwerpige raam direk onder die trapesium met die kant sye van die raam kwartsirkelvormig, wat ook die skerphoeke van die normale trapesium uitsny.

Die wapen is in geheel skakerings van Oranje-rooibruin.

Die simboliek van die wapen word per reglement beskryf.

11 SAMESTELLING VAN DIE BEWEGING

Die organisasie van die beweging word soos volg saamgestel:

11.1 Verkenneraaraad (Landswyd) (hierna genoem die Raad)

11.2 Provinsiale bestuur

11.3 Verkenneraposte (hierna genoem Poste)

11.4 Senaatskomitee

12 VERMOËNSREGTELIKE BEVOEGDHEDE

Die Verkennerabeweging is 'n regspersoan en kan in eie reg dagvaardings uitreik of gedagvaar word.

Die vermoënsregtelike bevoegdhede van Die BEWEGING is:

12.1 om deur middel van die Verkenneraaraad en Provinsiale besture vaste eiendom vir Die BEWEGING te koop, te verkry by wyse van skenking of op enige manier wat Die BEWEGING geskik ag; en om sodoende eiendomme te vervreem, te verhandel, te verhuur, te verbind of om op enige ander manier daarmee te handel; om alle registrasies en transportaktes, verbandaktes, notariële aktes en enige ander registrasie wat vereis word, te laat bewerkstellig deur enige dokumente met betrekking tot die aankoop, verhuring, vervreemding en alle aksies wat daarmee gepaard gaan, transporterling van vaste eiendom, passeer van verbande, kansellering van verbande en alle verklarings en ander dokumente vir registrasiedoeleindes benodig, te onderteken; en om verder die voorwaardes van enige verband wat gepasseer word, vas te stel asook enige dokumente wat nodig is vir die uitreiking van sertifikate van geregistreeerde titels of sertifikate van gewysigde titels of enige wysigings wat nodig is in titels waarkragtens eiendomme gehou word, te onderteken;

12.2 om deur middel van die Raad, Provinsiale besture en Posbesture geld te bekom asook handelsvoorraad, toerusting, uitrusting en alle soorte roerende eiendomme te koop of vir Die BEWEGING te verkry op enige manier wat Die BEWEGING geskik ag; om sodanige roerende eiendom te vervreem, te verhandel, te verhuur, te verbind of om op enige ander manier daarmee te handel;

12.3 om deur middel van die Raad en Provinsiale besture aandele, sekuriteite en regte te koop of vir Die BEWEGING

***te verkry op enige manier wat Die BEWEGING geskik ag;
om sodanige aandele, sekuriteite en regte te verhandel, te
verbind of om op enige ander manier daarmee te handel;***

- 12.4** ***om deur middel van die Raad en Provinsiale besture enige eiendom en regte van Die BEWEGING te bewerk, te ontgin, te verbeter of daarop te bou of te laat bou of daarmee te handel onderhewig aan die voorwaardes wat die Raad en Provinsiale besture na gelang van die geval bepaal;***
- 12.5** ***om deur middel van die Raad en Provinsiale besture en Posbesture enige geld van Die BEWEGING te belê of daarmee te handel teen sekuriteite of andersins en op die manier soos van tyd tot tyd bepaal word; en om sodanige sekuriteite en beleggings te sedgeer, te kanselleer, te onthef, op te vra, te verander, te realiseer, te wysig, weer te belê of op 'n manier daarmee te handel soos van tyd tot tyd bepaal word;***
- 12.6** ***om deur middel van die Raad en Provinsiale besture geld te leen of te verkry en die belasting daarvan te verseker op die manier wat die betrokke bestuur goeddink en in die besonder as 'n verpligting teen of verseker deur 'n verband of verbande geregistreer teen al of enige van Die BEWEGING se eiendom onder die betrokke bestuur se beheer;***
- 12.7** ***om deur middel van die Raad en Provinsiale besture promesses, wissels, verhandelbare of oordraagbare dokumente te trek, op te stel, te aksepteer, te endosseer, te verdiskonteer, te onderteken en uit te reik en om rekeninge by erkende finansiële instellings te open en daarmee te handel.***
- 12.8** ***om waar nodig deur middel van die Raad en Provinsiale besture ooreenkomste, hetsy notarieel of andersins, aan te gaan;***
- 12.9** ***om deur middel van die Raad en Provinsiale besture voltydse of deeltydse personeel aan te stel of te ontslaan en hulle regte, pligte en diensvoorwaardes te bepaal;***
- 12.10** ***Om waar die Raad handel, te handel in die naam van Die Verkennersbeweging en waar 'n Provinsiale bestuur***

handel, te handel in die naam van Die Verkennersbeweging met die toevoeging van die naam van die betrokke provinsie of pos.

12.11 om die volgende funksionaris te magtig;

12.11.1 om namens die Raad te handel: die President en Hoofsekretaris, of in opdrag van die Raad enige ander persoon wat na die oordeel van die Raad bevoeg is om die Beweging te verteenwoordig.

12.11.2 om namens 'n Provinsiale bestuur te handel: die Provinsiale leier en Sekretaris van die betrokke provinsie, of in opdrag van die Provinsiale bestuur enige ander persoon wat na die oordeel van die bestuur bevoeg is om die provinsie te verteenwoordig.

12.11.3 om namens die Posbestuur te handel, die Voorsitter en Sekretaris/Tesourier van die betrokke Pos of enige ander persoon wat na die oordeel van die Posbestuur bevoeg is om die Pos te verteenwoordig.

12.11.4 om deur middel van die Raad en Provinsiale besture regsdinge in te stel of te verdedig of om as applikant of respondent in enige regsproses op te tree; en om alle vermoënsregtelike handeling te verrig wat met die bogenoemde doeleindes saamhang of wat vir die verwesenliking daarvan bevorderlik is, behoudens die bepalinge van die betrokke reglement.

13 GESAGSVELD

13.1 *Die gesagsveld van Die BEWEGING is die Republiek van Suid-Afrika en elders waar die grondwet van Die BEWEGING van krag is of gemaak word.*

13.2 *Die Raad en Provinsiale besture kan met kultuurbewegings, plaaslik of in ander state, of met ander liggame samewerkingsooreenkomste sluit, onderhewig daaraan dat die grondslag, wese, kultuurbeskouing of doelstellings van die Verkennersbeweging geensins in die gedrang kom nie.*

14 NASIONALE KONGRES

14.1 *Die nasionale kongres is die hoogste gesag van die beweging.*

14.2 *Die nasionale kongres word minstens tweejaarliks gehou op 'n plek en tyd deur die Raad bepaal.*

14.3 *Samestelling:
Die kongres sal bestaan uit:*

14.3.1 Die lede van die Raad

14.3.2 Die aantal afgevaardigdes of hul sekundi soos deur die Raad bepaal.

14.3.3 'n Kworum vir die Nasionale Kongres word gevorm deur 'n volstrekte meerderheid van die lede van Raad enersyds en die aantal afgevaardigdes wat minstens helfte van die aktiewe poste verteenwoordig andersyds.

14.4 *Ampsdraers*

Die ampsdraers van die Raad sal ook ampsdraers van die kongres wees.

14.5 *Geloofsbriewe*

Afgevaardigdes van die Poste na die kongres moet geloofsbriewe indien, onderteken deur die voorsitter en sekretaris van 'n Pos, as bewys dat hulle wettige afgevaardigdes is.

14.6 *Sakelys*

Die sakelys word saamgestel volgens die vereistes van gemeenregtelike verenigings en moet die volgende insluit:

14.6.1 Verslae van die Raad

14.6.2 Voorlegging van behoorlike geouditeerde staat van die beweging se finansies.

14.6.3 Sake en beskrywingspunte soos deur die Raad en Poste voorgelê.

14.6.4 Voorlegging van mosies wat vanaf provinsiale kongresse ontvang is.

14.6.5 Verkiesing van die Dagbestuur

14.7 Verdere Werksaamhede

14.7.1 Oorweging van grondwetswysigings.

14.7.2 Formulering van beleidsrigting.

14.7.3 Beplanning rondom finansies.

14.7.4 Afhandeling van beskrywingspunte.

14.7.5 Afhandeling van sakelys.

15 PROVINSIALE KONGRES

15.1 *Provinsiale kongresse sal tweejaarliks vergader met dien verstande, dat dit sal plaasvind in die jare wat die nasionale kongres nie sal plaasvind nie.*

15.2 *Provinsiale kongresse word gereël deur die provinsiale bestuur.*

15.3 *'n Kworum vir die Provinsiale Kongres word gevorm deur 'n volstreekte meerderheid van die Provinsiale bestuur enersyds en die aantal afgevaardigdes wat minstens die helfte van aktiewe poste verteenwoordig andersyds.*

15.4 *Die werksaamhede van die kongres behels o.a.:*

15.4.1 die verkiesing van die bestuur wat soos volg saamgestel word:

15.4.1.1 Provinsiale Leier

15.4.1.2 Provinsiale Onderleier

- 15.4.1.3 Provinsiale Sekretaris
- 15.4.1.4 Provinsiale Jeugleier
- 15.4.1.5 Streeksverteenwoordigers

15.4.2 die beplanning van werksaksies vir die toekoms; beskrywingspunte vir die volgende jaar se nasionale kongres te bespreek.

16 STREEKSAAMTREKKE

16.1 *Streeksaamtrekke in afgebakende streke is noodsaaklik om nouer skakeling tussen Poste en Verkenners te bewerkstellig en om gedagtes uit te ruil.*

16.2 *Streeksaamtrekke word deur die provinsiale leier gereël.*

17 KOMITEES

17.1 *Alle bestuursliggame kan komitees aanwys soos in die betrokke reglement bepaal.*

17.2 *Die werkswyse van komitees word per reglement beskryf.*

17.3 *Voorsitters van komitees het sittingsreg op die bestuursliggaam wat die komitee saamgestel het maar nie stemreg nie.*

18 VERGADERINGS EN AKTIWITEITE

18.1 *Alle vergaderings word gehou volgens die prosedure soos in die betrokke reglement bepaal.*

18.2 *Behalwe waar in die grondwet spesifiek anders bepaal, geld dat die kworum van vergaderings bestaan uit die kleinste aantal wat 'n volstreckte meerderheid van die aktiewe lede of aktiewe besture met sittingsreg verteenwoordig. Aktief: Ledegeld betaal en waar van toepassing die vereiste aantal vergaderings vir die lopende jaar gehou het.*

18.3 *Behalwe waar in die grondwet spesifiek anders bepaal, tree die leier van die bestuursvlak ter sprake op as voorsitter en die sekretaris van die betrokke bestuursvlak as sekretaris van alle vergaderings op die betrokke vlak en binne die grense van die bestuursvlak se gesag. In die afwesigheid van die leier tree die onderleier op as voorsitter en in laasgenoemde se gelyktydig afwesigheid met die leier en in die afwesigheid van die sekretaris, wys die vergadering respektiewelik 'n voorsitter en sekretaris uit sy geledere aan.*

18.4 *Alle aktiwiteite word gehou soos in die betrokke reglement bepaal, onderhewig daaraan dat slegs aktiwiteite aangebied word wat verantwoordbaar is aan die Grondslag, Wese, Kultuurbeskouing en Doelstellings van die BEWEGING. Indien 'n aktiwiteit deur 'n buite instansie aangebied word, is deelname onderhewig daaraan dat dit verantwoordbaar is aan die Grondslag, Wese, Kultuurbeskouing en Doelstellings van die BEWEGING.*

18.5 *Eerbetoon aan simbole: Eer sal slegs aan simbole van instansies betoon word wat ondubbelsinnig God Drie-enig as enigste ware God erken en wat die Boere-Afrikanervolk respekteer.*

19 VERKENNERSRAAD

19.1 *Samestelling van die Raad*

Die Raad word soos volg saamgestel:

19.1.1 President

19.1.2 Vise-President

19.1.3 Hoofsekretaris

19.1.4 Jeugleier

19.1.5 Tesourier

19.1.6 Provinsiale leiers

19.1.7 Addisionele lede soos deur die Kongres aangewys.

19.2 Bevoegdhede van die Raad.

19.2.1 Die Raad beskik oor volmag om volgens die grondwet op te tree.

19.2.2 Die Raad kan sonder opgaaf van redes enige bestuur of Pos ontbind en dan weer die nodige stappe doen om so 'n bestuur of Pos weer saam te stel.

19.2.3 Die Raad het die reg om enige lid van die beweging sonder opgaaf van redes te skors in samewerking met die betrokke Pos, of om enige geskorste lid weer as lid terug te verwelkom, na oorleg pleging met die pos wat die lid geskors het.

19.2.4 Die Raad gee finale beslissings oor enige aangeleentheid na hom verwys.

19.2.5 Die Raad vaardig Reglemente met betrekking tot die Beweging uit.

19.3 Vergaderings van Raad

19.3.1 Die Raad vergader so dikwels as wat die Dagbestuur besluit, met dien verstande dat minstens twee keer per jaar vergader sal word.

19.3.2 'n Kworum word gevorm deur 'n meerderheid van Raadslede.

**19.3.3 Raadslede se kostes vir bywoning van vergaderings sal deur die beweging gedra word.
Indien 'n provinsiale leier 'n Raadsvergadering nie kan**

bywoon nie moet 'n sekundus deur die Provinsiale bestuur in sy plek afgevaardig word.

19.4 *Pligte en werksaamhede van die Raad:*

Die pligte en die werksaamhede van die Raad behels die volgende:

- 19.4.1 Om nasionale kongresse te belê.**
- 19.4.2 Om buitengewone kongresse te belê.**
- 19.4.3 Om 'n verslag van sy werksaamhede aan die nasionale kongres voor te lê.**
- 19.4.4 Om 'n geouditeerde staat aan die kongres voor te lê.**
- 19.4.5 Om 'n sakelys vir die kongres op te stel en indien nodig, voorstelle aan die kongres voor te lê.**
- 19.4.6 Om beskrywingspunte deur die provinsiale kongresse en Poste aan die kongres voor te lê.**
- 19.4.7 Om die besluite van die nasionale kongres uit te voer.**
- 19.4.8 Om toe te sien dat Poste doeltreffend funksioneer.**
- 19.4.9 Om komitees te benoem wat die Raad behulpsaam sal wees met die uitvoering van sy pligte.**
- 19.4.10 Om met behulp van gereelde inligtingstukke met Poste te kommunikeer en leiding te gee.**
- 19.4.11 Om verslae en wenke van Poste op te volg.**
- 19.4.12 Om op te tree as spreekbuis vir die beweging as daar volgens sy mening enige aantasting van die doelstellings plaasvind deur persone, organisasies of instansies.**
- 19.4.13 Om in oorleg met Provinsiale besture die indeling en afbakening van onderskeie Provinsies te doen.**
- 19.4.14 Om alles wat nodig is te doen ter bevordering van die Beweging se beeld en belange.**

19.5 *Reorganisasie van die Raad*

19.5.1 Dagbestuurslede word tweejaarliks op die nasionale kongres verkies of herkies.

19.5.2 Provinsiale leiers word tweejaarliks op die Provinsiale kongresse verkies en het dan onmiddellik sitting op die Raad.

19.5.3 Beide verkiesings sal geskied by wyse van geslote nominasie- en geslote stembriewe.

19.5.4 'n Volstrekte meerderheid van stemme word vereis.

19.6 *Politieke Partye*

19.6.1 Geen persoon wat 'n openbare politieke amp beklee mag tot 'n provinsiale bestuur of die Raad verkies word nie.

20 DAGBESTUUR VAN DIE RAAD

20.1 *Samestelling van die Dagbestuur.*

Die Dagbestuur sal bestaan uit die volgende ampsdraers van die Raad, soos tweejaarliks op die nasionale kongres verkies:

20.1.1 President

20.1.2 Vise-President

20.1.3 Hoofsekretaris

20.1.4 Jeugleier

20.1.5 Tesourier

20.1.6 'n Addisionele lid soos deur die kongres aangewys.

20.2 *Bevoegdhede van die Dagbestuur*

20.2.1 Neem besluite namens die Raad wanneer die Raad nie in sitting is nie, en lê dit aan die Raad voor vir bekragtiging.

20.2.2 'n Meerderheid van die Dagbestuurslede vorm 'n kworum.

20.2.3 Die Dagbestuur sien toe dat Verkennersbesluite uitgevoer word.

20.2.4 Doen verslag van sy werksaamhede aan die Raad.

21 PROVINSIALE BESTUUR

21.1 *Samestelling van die Provinsiale bestuur*

Die Provinsiale bestuur word deur die provinsiale Kongres saamgestel : Klousule 9.3.1

21.2 *Die bevoegdhede, vergaderings, pligte en werksaamhede van die Provinsiale bestuur is soortgelyk aan die van die Verkennersraad maar toegespits op die aktiwiteite van die provinsie, aanvullend tot die Raad sonder om oorvleuelend of teenstrydig op te tree.*

21.3 *Die bepaling van Streeksgrense binne die Provinsie is insonderheid die taak van die provinsiale bestuur.*

21.4 'n Kworum op vergaderings van die Provinsiale bestuur word gevorm deur 'n meerderheid van die lede van die bestuur.

22 DIE DAGBESTUUR VAN DIE PROVINSIALE BESTUUR

22.1 Samestelling van die Dagbestuur

22.1.1 Die Dagbestuur van die Provinsiale Bestuur bestaan uit die volgende ampsdraers soos op die provinsiale Kongres verkies

22.1.1.1 Die Provinsiale leier

22.1.1.2 Provinsiale Onderleier

22.1.1.3 Provinsiale Sekretaris

22.1.1.4 Provinsiale Jeugleier

22.1.2 Bevoegdhele van die Dagbestuur.

22.1.2.1 Die Dagbestuur tree namens die Provinsiale Bestuur op wanneer die Provinsiale bestuur nie in sitting is nie.

22.1.2.2 Die Dagbestuur sien toe dat die besluite van die Provinsiale bestuur uitgevoer word.

22.1.2.3 Doen verslag aan die provinsiale bestuur.

22.1.2.4 Tree op in voorvallende sake.

22.1.2.5 'n Kworum op vergaderings van die Dagbestuur word gevorm deur 'n meerderheid van die lede.

23 DIE BESTUURSAMESTELLING VAN POSTE

Daar moet gepoog word om nie die voorsitter en sekretaris in dieselfde jaar te vervang nie. Verder sou dit wenslik wees dat nie meer as die helfte van die bestuurslede vervang sal word nie.

Die volgende bestuurslede sal jaarliks op die laaste vergadering verkies of herkies word:

23.1 Voorsitter

23.2 Onder-Voorsitter

23.3 Sekretaris of Sekretaris/tesourier

23.4 Tesourier

23.5 Een of meer addisionele lede.

24 VERGADERINGS OF BYEENKOMSTE VAN POSTE

24.1 Daar moet gepoog word om minstens tien vergaderings of byeenkomste per jaar te hou.

24.2 Notules van vergaderings moet gehou en op die volgende vergadering goed gekeur word.

24.3 'n Teenwoordigheidsregister moet bygehou word waar afwesighede met of sonder verskonings aangedui word.

24.4 Indien 'n lid geskrap word, moet sy skrapping met redes onmiddellik by die Raad aangemeld word.

24.5 Daar moet gepoog word om die dames by minstens twee geleenthede per jaar te betrek.

24.6 Vergaderings moet verkieslik voorafgegaan of afgesluit word deur sosiale verkeer, om lede die geleentheid te bied om mekaar beter te leer ken.

24.7 Vergaderings word met Skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit.

25 WERKSMETODE VAN POSTE

- 25.1** *Bespreking van aktuele sake van die dag.*
- 25.2** *Debattering en instudering van sekere onderwerpe.*
- 25.3** *Belê van ope vergaderings.*
- 25.4** *Daar moet gepoog word om minstens van twee sprekers per jaar gebruik te maak, wat die lede oor aktuele sake sal toespreek. Dit kan ope vergaderings wees.*
- 25.5** *Daar moet betrokke geraak word by die gemeenskapsaksies en leiding geneem word.*
- 25.6** *Daar behoort spesiale aandag aan die Boere-Afrikanerjeug geskenk te word.*
- 25.7** *Beeldbou van die Verkennersbeweging is van die uiterste belang en moet deurlopend aandag geniet.*
- 25.8** *Groter samehorigheid, betrokkenheid en meelewendheid van behoudende Boere-Afrikaners moet besondere aandag geniet.*
- 25.9** *Die werksmetode moet sodanig gesentraliseer word dat die beweging se doelstellings die hoogste prioriteit moet geniet.*
- 25.10** *'n Verkenner se ideaal moet bly:*
- Diens aan:
- My God!
My Land!
My Volk!
My Gemeenskap!
- 25.11** *Elke taak wat Verkenners aanpak se sukses is gesetel in die beginsel van die Verkennersbeweging se leuse:*
- Ek kan! Ek wil! Ek sal!***

26 SENAATSKOMITEE

26.1 *Samestelling van die Senaatskomitee*

26.1.1 Die Senaatskomitee bestaan uit alle uitgetrede Presidente en Vise-Presidente van die Beweging.

26.1.2 Uitgetrede Presidente en Vise-Presidente word outomaties lid van die Senaatskomitee tensy hy skriftelik aandui dat hy nie lid daarvan wil wees nie.

26.1.3 Die Senaatskomitee kies uit eie geledere 'n Voorsitter en Sekretaris.

26.2 *Bevoegdhede van die Senaatskomitee*

26.2.1 Die Senaatskomitee is 'n adviserende liggaam teenoor die Verkennersraad, en het geen uitvoerende bevoegdhede nie.

26.2.2 Die Senaatskomitee vergader ten minste twee maal per jaar.

26.2.3 Die Senaatskomitee adviseer die Verkennersraad oor die Beweging se koers, optrede en openbare beeld, en bepaal sy eie werkswyse ten einde die Verkennersraad sinvol te adviseer.

27 FINANSIES

- 27.1 Die boekjaar sal van 1 Januarie tot 31 Desember van elke jaar strek.**
- 27.2 Die boeke van die Raad en Provinsiale Besture moet jaarliks deur 'n gekwalifiseerde rekenkundige of ouditeur geoudit word.**
- 27.3 Ledegelde sal deur elke Pos volgens hulle eie behoeftes bepaal word, inagnemend die gedeelte wat aan die Raad oorbetaal word en deur die Dagbestuur van die Raad bepaal word. Dit kan tydens die eerste vergadering van die jaar hersien word.**
- 27.4 Ledegelde is voor of op 30 April van elke jaar betaalbaar.**
- 27.5 Poste se finansiële boeke sal deur enige twee lede van die Pos, soos deur die vergadering benoem, geouditeer word.**
- 27.6 Toetreegelde deur nuwe lede word deur die Kongres bepaal en moet ten volle aan die Raad oorbetaal word.**
- 27.7 Poste se verpligtinge t.o.v. ledegelde aan die Raad sal tweejaarliks op die kongresse hersien word. Dit moet aan die Raad oorbetaal word voor of op 30 Junie van elke jaar.**
- 27.8 Poste mag affilieer by die Afrikaner-Kultuurbond indien die behoefte daarvoor bestaan.**
- 27.9 Lede van die Verkennersbeweging sal aangemoedig word om by die Afrikaner-Kultuurbond te affilieer.**
- 27.10 Fondse mag versterk word deur funksies of gesellighede te reël.**
- 27.11 Poste moet sorg dra dat gelde op 'n verantwoordelike wyse belê en bestee word.**
- 27.12 Alle uitbetalings moet deur die vergadering goedgekeur of bekragtig word.**

28 LIDMAATSKAP

Inskakeling by die Verkennersbeweging sal soos volg geskied:

28.1 *Poslede*

- 28.1.1 'n Kandidaat se naam word by 'n Posvergadering aan die lede voorgehou en gekeur.**
- 28.1.2 Indien inskakeling van 'n kandidaat deur twee of meer lede teengestaan word, word die persoon afgewys.**
- 28.1.3 Elke Pos gebruik eie inisiatief oor die wyse van keuring en inskakeling.**
- 28.1.4 Inskakeling geskied by wyse van die amptelike inlywingsformulier.**
- 28.1.5 'n Instellingsbelofte word aan elke lid uitgereik.**
- 28.1.6 Nuwe lede se volle besonderhede word onmiddellik na die Raad deurgestuur.**

28.2 *Individuele lede*

- 28.2.1 Individuele lede kan deur enige lid gewerf en as 'n volwaardige lid van die Verkennersbeweging ingeskakel word, mits;**
 - 28.2.1.1 daar geen pos in die voornemende lid se onmiddellike omgewing is nie;**
 - 28.2.1.2 daar nie 'n moontlikheid bestaan dat 'n pos deur die voornemende lid op die been gebring kan word nie; daar geen besware geopper word deur enige ander twee of meer lede van die beweging nie. Wanneer 'n lid nie meer sy posverpligtinge weens grondige en aanvaarbare redes kan nakom nie, mag hy as individuele lid aanbly. (Sien ook artikels 28,29 en 31)**

29 VERTREKKENDE LEDE

- 29.1** *Vertrekkende lede kan vra vir die amptelike oorplasingsbrief.*
- 29.2** *Inlywing van so 'n lid vind nie weer plaas nie, maar word slegs bekend gestel.*
- 29.3** *Vertrekkende lede kan as individuele lede aanbly mits hulle voldoen aan die bepalings van artikel 27.2 van hierdie Grondwet.*

30 BEËIDIGING VAN LIDMAATSKAP

Lidmaatskap van die Beweging kan beëindig word wanneer:

- 30.1** *'n lid skriftelik kennis gee van sy bedanking;*
- 30.2** *'n lid deur 'n Pos gevra word om te bedank;*
- 30.3** *'n lid deur 'n Pos geskrap word van sy rol;*
- 30.4** *'n Pos ontbind.*

Hierdie beëindiging van lidmaatskap moet aan die Raad gerapporteer word.

31 GELDIGHEID EN KONTINUÏTEIT VAN DIE GRONDWET

- 31.1** *Hierdie Grondwet is die geldende Grondwet van die Verkennerbeweging en geld vanaf die datum waarop die Kongres van die Beweging dit goedgekeur het totdat 'n volgende Kongres dit gewysig het, welke wysigings met datum in die Grondwet aangebring moet word.*
- 31.2 WYSIGING VAN DIE GRONDWET:**
Wysiging van die Beweging se grondwet kan slegs geskied op 'n Nasionale Kongres, of as al die Provinsiale Kongresse so 'n wysiging goedkeur onder die volgende voorwaardes:
- 31.2.1** *dat alle Poste van die voorgestelde wysiging skriftelik kennis sal ontvang twee (2) maande voor die nasionale of*

provinsiale kongres, afhangende watter een van toepassing;

31.2.2 dat tweederdes van die Poste teenwoordig moet wees en dat tweederdes van die kongreslede die betrokke wysiging moet goedkeur.

32 ONTBINDING OF AFSTIGTING VAN 'N POS

Ontbinding of afstigting van 'n Pos kan slegs plaasvind met die goedkeuring van 'n tweederde meerderheid van al die ingeskrewe lede van die Pos, by wyse van geslote stembriewe.

Lede moet een maand voor die vergadering skriftelike kennis kry van die mosies wat ingedien gaan word.

Wanneer 'n Pos ontbind kan lede met die goedkeuring van die Raad in samewerking met die Provinsiale Leier as individuele lede aanbly.

33 ONTBINDING VAN DIE BEWEGING

33.1 Die BEWEGING kan alleenlik ontbind word deur 'n buitengewone kongres wat spesiaal belê is om die ontbinding van BEWEGING te oorweeg.

33.2 Die BEWEGING kan alleen ontbind word indien minstens twee derdes van die afgevaardigdes wat by die stemming teenwoordig is, daartoe besluit.

33.3 Die bepalings oor die byeenroeping en die werkswyse van 'n kongres is ook van toepassing op sodanige buitengewone kongres

33.3.1 Indien 'n buitengewone kongres tot die ontbinding van BEWEGING besluit, moet die kongres ook besluit op watter wyse met die bates daarvan gehandel word onderworpe daaraan dat dit aan 'n liggaam sonder winsoogmerk met soortgelyke doelstellings oorgedra word.